

## 'n Wonderlike Huwelik!

**Die Sewende gebod van die Tien Gebooie!** Donderdag 2 September 2021

### Open 19:7

“Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want **die bruilof** van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.”

### Heb 13:4

“Die **huwelik** moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.”

**Lees:** Ef 5:21-33; Kol 3:18-19; 1 Petr 3:1-7; 1 Kor 13:1-13

**Hierdie gebod word negatief gestel, Ex 20:14** “Jy mag nie egbreuk pleeg nie”. Prof de Bruyn verklaar dit as volg: “Die woord wat met “*egbreuk pleeg*,” vertaal is, beteken letterlik dat ‘n man, *nie geslagsgemeenskap mag hê met die vrou of die verloofde van'n ander man nie.*” Dan is die Bybel veral in die Ou Testament baie duidelik oor wat moet gebeur as egbreuk gepleeg is en dit was baie ernstige en drastiese stappe wat behels het steniging, gedwonge huwelike, vgl. Gen 38:24; Lev 21:9; Deut 22:22-24, Deut 22:25-27, Deut 22:28-29.”

*(De Bruyn PJ. 2008:141)*

In die Nuwe Testament word egbreuk nog ernstiger opgeneem. Ons lees in **Mat 5:27-29, 29** “Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.’ **28** Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg. **29** As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.”

**Die Positiewe van die gebod is egter veel wonderliker.** Want vir die christen, is naas jou verhouding met God, jou verhouding met jou man of vrou veronderstel om die wonderlikste en intiemste verhouding te wees. Dit is wanneer julle in die huwelik besef hoe wonderlik God, deur Jesus Christus vir jou is. Want die huwelik word vergelyk met die verhouding tussen Jesus Christus as die Bruidegom en die kerk as die bruid. Dit lees ons in Openbaring 19. God is besig om die ewige huwelik vir ons voor te berei in die hemel. Ons as christene is die bruid. Ons voorbereiding is dat ons biddend ons sondes bely, biddend en in opregtheid al heiliger lewe onder leiding van die Heilige Gees en so ons voorberei vir die hemele. Ja ons gaan verseker hemel toe enkel en alleen omdat Jesus Christus, **ten volle vir ons sondes betaal het.** Maar ons moet ook ywerig besig wees met voorbereidings. Hierdie voorbereidings behels dat ons in opregtheid tot eer van God wil leef, deur die Bybel te lees, deur te bid, deur te vra in afhanklikheid dat ons ‘n reguit pad, ‘n nou paadjie sal stap na die hemel toe.

**‘n Wonderlike huwelik** is verseker waar **‘n man en ‘n vrou mekaar onvoorwaardelik liefhet.** Dit is waar hulle mekaar aanvaar soos wat hulle is, vir wie hulle is en mekaar dien en bedien met alles wat hulle het. Hoe wonderlik is dit nie om ‘n huweliksmaat te hê waar daar omgee vir mekaar, ruimte vir mekaar bediening vir mekaar is nie. ‘n Huwelik waar julle saam die Here kan dien en aanbid elke dag van julle lewens. Laar die liefde daarom seëvier in julle lewens. Liefde gegrond op die Rots, Jesus Christus. Liefde wat die riglyne van 1 Kor 13 volg.

**Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: [gskruger1@gmail.com](mailto:gskruger1@gmail.com)**